12 November 2023
Aanlyn Erediens

KRUISKERK.co.za
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** 1 Thessalonisense 4: 1-12
**Tema :** Leefstyl? Wat kan ons aflei van die daaglikse lewe van onse Here Jesus en is daar enige relevansie in?

## BROODJIES VIR DIE PAD

Doctrine is not an affair of the tongue but of the life."
― John Calvin, Institutes of the Christian Religion, 2 Vols

"Traditions have been replaced by lifestyles."
― Lars Fr. H. Svendsen, A Philosophy of Boredom

"Traditions brings continuity to one's existence, but this sort of continuity is precisely what has been increasingly lost
throughout modernity."
― Lars Fr. H. Svendsen, A Philosophy of Boredom

"human beings need three basic things in order to be content: they need to feel competent at what they do; they need to feel authentic in their lives; and they need to feel connected to others. These values are considered "intrinsic" to human happiness and far outweigh "extrinsic" values such as beauty, money and status."
― Sebastian Junger, Tribe: On Homecoming and Belonging

"The beauty and the tragedy of the modern world is that it eliminates many situations that require people to demonstrate a commitment to the collective good."
― Sebastian Junger, Tribe: On Homecoming and Belonging

"A modern soldier returning from combat---or a survivor of Sarajevo---goes from the kind of close-knit group that humans evolved for, back into a society where most people work outside the home, children are educated by strangers, families ae isolated from wider communities, and personal gain almost completely eclipses collective good. Even if he or she is part of a family, that is not the same as belonging to a group that shares resources and experiences almost everything collectively. Whatever the technological advances of modern society---and they're nearly miraculous---the individualized lifestyles that those technologies spawn seem to be deeply brutalizing to the human spirit."
― Sebastian Junger, Tribe: On Homecoming and Belonging

"One day I would like to make up my own DSM-111 with a list of "disorders" I have seen in my practice. For example, I would want to include the diagnosis "psychological modernism," an uncritical acceptance of the values of the modern world. It includes blind faith in technology, inordinate attachment to material gadgets and conveniences, uncritical acceptance of the march of scientific progress, devotion to the electronic media, and a life-style dictated by advertising."
― Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"The salient stressors in the lives of most human beings today — at least in the industrialized world — are emotional. Just like laboratory animals unable to escape, people find themselves trapped in lifestyles and emotional patterns inimical to their health. The higher the level of economic development, it seems, the more anaesthetized we have become to our emotional realities. We no longer sense what is happening in our bodies and cannot therefore act in self-preserving ways. The physiology of stress eats away at our bodies not because it has outlived its usefulness but because we may no longer have the competence to recognize its signals."
― Gabor Maté, When the Body Says No: The Cost of Hidden Stress

"TEN GUIDEPOSTS FOR WHOLEHEARTED LIVING 1. Cultivating authenticity: letting go of what people think 2. Cultivating self-compassion: letting go of perfectionism 3. Cultivating a resilient spirit: letting go of numbing and powerlessness 4. Cultivating gratitude and joy: letting go of scarcity and fear of the dark 5. Cultivating intuition and trusting faith: letting go of the need for certainty 6. Cultivating creativity: letting go of comparison 7. Cultivating play and rest: letting go of exhaustion as a status symbol and productivity as self-worth 8. Cultivating calm and stillness: letting

go of anxiety as a lifestyle 9. Cultivating meaningful work: letting go of self-doubt and "supposed to" 10. Cultivating laughter, song, and dance: letting go of being cool and "always in control"
— Brené Brown, Rising Strong: The Reckoning. The Rumble. The Revolution.

Jan Lubbe: Respek sleutel vir etiese lewe
Die Tien Woorde in die Joods-Christelike etiek vir ’n geseënde lewe is ten diepste gegrond in ’n egte verhouding met die lewende God.
’n Bewustelike en bedagsame wandel voor Sý aangesig en tussen ander mense – en die wysheid daarvoor – begin by of is te vinde in die eerste vier woorde: Vertrou God, aanbid God, eer sy Naam, kom tot rus by God.
Selfs buite die Joods-Christelike tradisie en in ’n sekulêre konteks, resoneer hierdie waarheid: ’n Etiese lewe begin by die erkenning dat ék of óns nie die hoogste norm is of grootste belang het nie. Ek is mens, stoflik en kortstondig in my bestaan, beperk in insig én geheue, deel van ’n veel groter geheel.
Uit daardie oortuiging vloei die volgende vier, omvattende woorde: Respek vir gesag, vir lewe, vir liefde en vir lewensruimte. Telkens lê die oriënteringspunt, die noord van ons morele kompas, buite onsself. Soos ’n helder waterpoel sonlig weerkaats en sonneblomme dankbaar die kop na die oggendson draai, só soek ons na die Ligbron, lewe en wedersydse respek.
Respek is die sleutelwoord wanneer ’n volgende dimensie van ons lewe saam met mekaar ter sprake kom. Re¬spek vir waarheid en egtheid. Weer eens, Gód is die Allerwaarheid, die Egte Een. God ís lig en woon ín heilige lig; waar God is, is daar geen duisternis, nag so lig soos die dag (Psalm 139). God se heerlikheid straal van egtheid, heelheid, klaarheid. God se "Ja" is "Ja"; ’n "Ja" wat Hy in Christus oor ons noodlydende wêreld uitgeroep het; ’n "Ja" wat gehoor is toe Jesus sê: "Ek is die weg, waarheid en lewe." En omdat Gód waarheid is, roep Hy ons elk tot ’n lewe van waarheid.
God, wat ons deur en deur ken en in Wie se teenwoordigheid ek niks kan of hoef voor te gee, te verdraai, weg te steek of goed te praat nie – God weet alles. Nog vóór my woorde begin vloei, in waarheid of leuen, wéét God reeds. En God se "wete" van my, is vól genade en liefde. Uit dáárdie bron geput, het Johannes, die apostel van die liefde, oor liefde en waarheid geskryf (2 Joh. 1-6): Waarheid is nooit liefdeloos nie; liefde nooit waarheidsontrou nie.
Dit gaan om een en dieselfde ingesteldheid diep binne-in my wat in my daaglikse woorde en dade kenbaar, hoorbaar en sigbaar word. Egte woorde en dade teenoor God, myself en teenoor my medemens.
Wat dus beteken dat vóórdat ek praat of doen, ek in en aan myself ’n belangrike vraag moet stel: Kom dit wat ek nou gaan sê of doen, op vanuit daardie éénheid van waarheid en liefde in my hart – daar waar Gód is en mý ken – of nie?
Dat in plaas van om heeldag met streng vingerwysing oral die kwade te loop uitsnuffel en veroordeel, ek éérs die spreekwoordelike "balk in eie oog" soek, eien en vra dat die Groot Oftalmoloog my sal help sien.
Dat Hy by mý sal buk, op die grond spoeg, klei aanmaak en aan my blinde oog smeer, ék wat net ten dele weet en ken terwyl Hý my al die tyd deurgrond.
Soos toe Hy die ander keer gebuk en in die sand geskryf het en opkyk, en daar sowaar niemand meer was wat die eerste klip kón gooi nie.
Die negende woord vir ’n regverdige lewe gaan oor die "nee" vir "valse getuienis teenoor my naaste" – én verste vyand! – en wys daarom nie net leuens en oneerlikheid af nie, maar ook ’n geskinder, kwaadstook of rusiemakery.
Dit pleit vir billikheid in regspraak.
In die woorde van die ou Kategismus: "My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë beskerm en bevorder."
Dink net hoe ons mekaar in dié tyd van valsheid, fopnuus en sosiale-media-venyn sou kon help. Hoe ons daardie wit propaganda-perd uit die Apokalips sou kón beteuel.

---

BROOD VIR DIE PAD

Geestelike waardes: Leef ons vanuit ’n passie vir hoe die wêreld kan wees?
Die 19de eeuse Deense denker Søren Kierkegaard skryf iewers as hy vir homself ’n inskripsie vir sy grafsteen kon kies, sy versoek sou wees: "daardie enkele individu."
Wat bedoel Kierkegaard hiermee? En, kan ons wonder, is so ’n fokus op die individu nie juis een van die groot probleme in veral Westerse samelewings nie?

In sy boek The Passion of Possibility: Studies on Kierkegaard's Post-metaphysical Theology (2023) wys die Duitse teoloog Ingolf Dalferth daarop dat Kierkegaard inderdaad meen dat dit vir ons konkrete lewe uiters belangrik is om 'n "enkele individu" of 'n "singuliere self" te word. Ons word gebore as 'n lid van 'n familie, groep, samelewing of nasie. Ondanks ons eiesoortige komplekse identiteite, is ons dus nogtans een van die massa, van die skare; ons deel immers 'n magdom algemeenhede met ander. Die feit van ons geboorte maak ons nie noodwendig 'n unieke individu nie. Dít, meen Kierkegaard, is iets wat ons moet wórd.

Vir Kierkegaard beteken om so 'n "enkele individu" te word dat jy ten volle die gegewenheid of "dítheid" van jou lewe toeëien as 'n onverdiende gawe. Hierdie lewe is dus my lewe en dit is ék wat nou hier is.

Kierkegaard is verder oortuig dat só 'n selfverstaan nie moontlik is sonder wat hy "die passie van moontlikheid" noem nie, 'n passie wat ook vir hom motivering vind in die verhouding met die God wat ons by die naam ken. Vir Kierkegaard staan die passie vir wat moontlik is teenoor die wanhoop dat ons niks kan doen aan die swaarkry, versoekinge en beperkinge van ons lewe hier nie. "Instead," skryf Dalferth oor hierdie passie, "it sees everywhere possibilities that arise in life unexpectedly and surprisingly, making it an adventure that cannot be calculated or channeled through the past, but for which every present becomes a start¬ing point of a new future."

En Dalferth verwys in soortgelyke trant daarna dat Kierkegaard, naas sy versoek vir die inskripsie "daardie enkele individu" op sy grafsteen, ook elders skryf: "As ek vir iets kon wens, sou ek nie wens vir rykdom of mag nie, maar vir die passie van moontlikheid; vir 'n oog – ewig jonk en vurig – wat oral die moontlike raaksien."

Ons sou ook in Suid-Afrika vandag kan dink aan die wesentlike en waardevolle rol wat individue met sodanige passie van moontlikheid speel en kan speel – mense wat hulself nie bloot oriënteer aan hoe die werklikheid skynbaar onteenseglik is nie, maar juis begenadig is om te kan leef in die lig van hoe dinge kan wees. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*